## Hulde aan die Koning Jesus Christus. **Maandag 7 Des 2020**

## God die Vader is die inisieerder van Kersfees.

Ons gaan nou die Kersseisoen binne.
Daarom gaan ek die volgende ses oordenkings aan Kersfees wy.

Vandag begin ons met 'n onderwerp wat bykans nooit tydens Kersfees of die Advent-tyd, aandag kry nie.
Ek het 'n artikel gelees van Marshaal Segal: **"The Forgotten Giver of Christmas"**
*(https://www.desiringgod.org/articles/the-forgotten-giver-of-christmas)*

Met kersfeesoordenkings fokus ons altyd op Jesus Christus. Ons dink aan die maagdelike geboorte, die geboorte in die stal, die wyse manne uit die ooste, die vlug na Egipte, die geslagsregister van Jesus, kortom ons dink aan alles rondom Jesus se geboorte.

- Het jy al pertinent gedink aan die rol van **God die Vader** in die Kersfeesgebeure?

God die Vader wat die Outeur, die Skepper, die Soewereine God is, by wie die geboorte van Jesus begin het. Hy is gemarginaliseer, vergete en kry glad nie meer aandag nie. God die Vader het sy Seun Jesus Christus gestuur om sy ergste vyande, die sondige mense, sy geliefde kinders te maak.

Niemand het 'n belangriker rol gespeel by die geboorte van ons Here Jesus Christus nie, as God die Vader nie. Nie Josef, nie Maria, nie die profete, nie die slegte konings, nie die skaapherders, nie die wyse manne uit die Ooste, niemand nie.

Jesus Christus is net gebore, omdat God die Vader in sy Alwysheid en Genade hierdie wonder-daad beplan en laat gebeur het sodat ons die ewige lewe kan verkry, elkeen wat in Jesus Christus glo.

Maar Christus het dit nooit vergeet nie.

- Hy het altyd op aarde God die Vader verheerlik, soos wat Hy ook deur die Vader verheerlik is.
- Christus het altyd tot die Vader gebid.
- Christus het erken dat die Vader Hom gestuur het. Joh 17:1-3
- Christus het die Vader altyd verheerlik.

**Joh 17:25** "Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het."
**Joh 17:22** "Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is:
**Joh 17:23** Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet."

Die maagdelike geboorte van Jesus Christus was dus direk God die Vader se soewereine plan.
God die Vader se liefde vir ons sy kinders was so groot dat Hy sy Engiste Seun, Jesus Christus gestuur het om op aarde in ons plek te kom betaal vir ons sondes.
Daarom in hierdie Advent tyd wat ons vier, moet ons nie net aan Jesus Christus, die Seun van God dink nie, maar ook aan God die Vader wat sy Seun gestuur het.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)